higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 2

(8021022)

2 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

188Q1N2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

Let wel: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.

2. Beantwoord alle vrae in AFDELING A, B en C.

3. Beantwoord EEN vraag in AFDELING D.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ’n reël oop en trek ’n streep oor die bladsy ná elke voltooide vraag.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kriminologie gebruik wetenskaplike metodes om die volgende te bestudeer:

A Die aard van misdaad en misdadige gedrag, wat verwys na die betrokke kenmerke van misdaad en die tipes kragte wat daarop inwerk, byvoorbeeld politieke, ekonomiese of maatskaplike kragte.
B Die omvang van misdaad en misdadige gedrag, wat verwys na hoeveel misdaad plaasvind.
C Die oorsake en beheer van misdaad en misdadige gedrag, wat verwys na hoe ons misdaad moet bestuur.
D Al die bostaande.

1.2 Kriminogenies verwys na ...

A Om iets eerlik en waarheidsgetrou te doen
B Wat misdaad of misdadigers voortbring of daartoe kan lei
C Die verspreiding van voordele en nadele in die samelewing
D Nie een van die bostaande nie

1.3 Beskerming van die omgewing as ’n basiese mensereg kan bereik word deur middel van:

A Die voorkoming van besoedeling en die vernietiging van die natuur.
B Die beskerming van waardevolle hulpbronne (plante, seelewe, diere en so meer).
C Versekering van ekologies volhoubare ontwikkeling en gebruik van natuurlike hulpbronne.
D Al die bostaande.

1.4 Erflike faktore verwys na ...

A ’n geneigdheid om sekere siektes of karaktertrekke as gevolg van jou genetiese samestelling te ontwikkel
B gene in ons liggame wat grootliks bepaal wie ons is en hoe ons lyk
C eienskappe wat geneties van jou ouers na jou oorgedra word.
D Al die bostaande.

1.5 Polisiemisdaadstatistiek is gebaseer op drie verskillende bronne, naamlik:

A Misdaad wat deur slagoffers of ander persone by die polisie aangemeld word.
B Die aanmelding van ’n misdaad deur ’n organisasie of derde party, soos banke, mediese beroepslui, maatskaplike werkers, en so meer.
C Polisiebeamptes wat die aangemelde misdade aanteken.
D Al die bostaande.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

menseregte; oortreder; Crime Stop; beleid; slagofferopname; korrektiewe sentra vir jeugdiges; misdaadvoorkomingsprogramme; prososiale gedragspatrone; geloofsgebaseerde organisasies

2.1 Ons kan ’n ... omskryf as ’n persoon wat ’n misdaad pleeg, en wat regtens daaraan skuldig bevind word.

2.2 ... huisves oortreders onder die ouderdom van 21 jaar.

2.3 ’n ... is ’n plan van aksie om ’n probleem te hanteer.

2.4 ... is die basiese regte en vryhede wat aan alle mense behoort, bloot omdat hulle mense is.

2.5 Kinders kry die geleentheid om ..., waardes en norme binne die raamwerk van beskermende reëls te leer.

2.6 Ons kan misdadige viktimisering deur middel van ’n ... en selfaangemelde studies meet.

2.7 ... behoort behoorlik beplan en geëvalueer te word om hul doeltreffendheid te meet.

2.8 Dikwels dien ... ook as die gom wat gemeenskappe saamvoeg en daartoe bydra om probleme in die samelewing te hanteer.

2.9 Misdaad vind plaas in die ..., en het ’n direkte of indirekte uitwerking op die mense wat daar woon.

2.10 ... is daarop gerig om elke persoon en organisasie te motiveer om verantwoordelikheid te aanvaar ten einde misdaad te verminder en gemeenskapsveiligheid te verbeter.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n woord uit KOLOM A om by ’n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Terapie	A	die studie van mense en hul verhouding met mekaar en met die samelewing
3.2	Stres	B	die studie van hoe mense goedere en dienste produseer, versprei en verbruik
3.3	Sosiale geregtigheid	C	die verspreiding van voordele en nadele in die samelewing
3.4	Ekonomie	D	sielkundige of geestelike spanning of emosionele stremming as ’n reaksie op druk en eise uit die omgewing
3.5	Sosiologie	E	aktiwiteit wat gefokus is op die hantering van negatiewe of destruktiewe aspekte van ’n persoon se gedrag, soos alkohol- of dwelmmisbruik

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Sosiologie kan ook verwys na die stelsel waarvolgens verklarings deur middel van wetenskaplike metodes geskep word vir dit wat ons om ons waarneem.

4.2 Die rol en funksie van die kriminoloog is om misdaad en misdadige gedrag te bestudeer.

4.3 Die fundamentele menseregte van alle Suid-Afrikaners word beskerm deur die Grondwet van Suid-Afrika, 1996.

4.4 Biofisiese faktore verwys na moontlike biologiese en fisieke redes wat tot misdaad kan bydra.

4.5 Die doel van misdaadstatistiek is nie om vir ons ’n idee van die mate en tipe misdaad wat in die land ervaar word, te gee nie.

4.6 Ideaal gesproke behoort die stryd teen misdaad ’n vennootskap tussen die polisie en gemeenskappe te wees.

4.7 Penologie is afkomstig van die Latynse woord *poena*, wat straf beteken.

4.8 Kriminoloë lewer waardevolle bydraes in die strafregsplegingstelsel, spesifiek wat polisiëring, howe en korreksies betref.

4.9 Menseregte is onvervreembaar.

4.10 'n Wisselvallige ouerskapstyl word nie deur inkonsekwente dissipline gekenmerk nie.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Wat is die SES areas van viktimologie? (6)

5.2 Definieer die konsep *menseregte* deur te inkorporeer wat dit behels om 'n mens te wees. (6)

5.3 Noem DRIE regte van Suid-Afrikaanse burgers volgens die Handves van Regte. (3)

5.4 Verduidelik die rol van die gemeenskapspolisiëringsforum in misdaad-vermindering en -voorkoming. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

MA KRITISEER TOEGEEFLIKE GEVANGENISSTRAF

Man gevonnis tot 15 jaar wat sy vriend onthoof. Die ma van 'n 24-jarige man wat deur sy vriend onthoof en wie se ledemate afgekap is, is teleurgesteld met die tronkstraf van 15 jaar wat die moordenaar opgelê is.

Molly Ngema het gister buite die Suid-Gautengse Hoë Hof in Johannesburg gehuil nadat Siphamandla Gamede, 25, tot 15 jaar gevangenisstraf gevonnis is vir die moord op haar seun, Nathi Ngema. Hy is gevonnis tot 'n verdere twee jaar vir poging om die loop van die gereg te dwarsboom nadat hy Nathi se ledemate afgekap en dit in 'n vullishouer gegooi het.

Gamede het ook die oorledene se liggaam verbrand in 'n poging om ontslae te raak van die getuienis by 'n woonstel wat hulle in Roodepoort gedeel het. Gamede het Nathi vermoor nadat sy vriend hom na bewering in Januarie met 'n mes aangeval het. Gamede se ma het hom beskryf as 'n respekvolle jong man wat as 'n bourekenaar gekwalifiseer het en met 'n B-Tech-diploma aan die Universiteit van Johannesburg gegradueer het.

Volgens die akte van beskuldiging het Gamede beweer dat hy Nathi uit noodweer doodgemaak het nadat hy toegang tot die oorledene se buitelandsevaluta-rekening gekry en daarmee verhandel het. Hy het skuldig gepleit op die moord op Nathi en pogings om van die liggaam ontslae te raak.

Regter Mahommed Ismail het die moord as barbaars, wreedaardig en afgryslik beskryf, asook 'n wrede skending van die vertroue tussen Gamede en die familie van die oorledene. Desondanks het
Ismael die beskuldigde tot 15 jaar gevonnis omdat hy op die aanklagte skuldig gepleit het.

[Bron: *Sowetan*, 26 Junie 2019]

6.1 Wat is 'n geregtelike proses? (1)

6.2 Die beskuldigde in hierdie saak is tot 15 jaar tronkstraf gevonnis. Die familie was nie tevrede met die uitkoms nie.

Verduidelik die rolle en verantwoordelikhede van die Suid-Afrikaanse howe in die strafregsplegingstelsel in die land. (12)

6.3 Identifiseer DRIE verskillende bronne van polisiemisdaadstatistiek. (3)

6.4 Ontleed oortrederregte met verwysing na die beskerming van menseregte, soos in die SA Grondwet uiteengesit. (5)

6.5 Volgens die akte van beskuldiging, waarom het Gamede die oorledene doodgemaak? (2)

6.6 Suid-Afrika se Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie (NMVS) het ten doel om misdaad te voorkom deur middel van 'n strategie wat op 'n vierpilaarbenadering gegrond is.

Noem die VIER pilare van die NMVS. (4)

6.7 Hoe het die regter hierdie moord in sy uitspraak beskryf? (3)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord EEN van die volgende vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die gebreke van die tegnieke wat gebruik word om misdadige viktimisering te meet. (10)

7.2 Verduidelik die onderrapportering van misdaadinligting. (10)
[20]

OF

VRAAG 8

8.1 Bespreek VYF eienskappe van 'n multidimensionele benadering tot misdaadvoorkoming. (10)

8.2 Bespreek die rol en funksie van kriminoloë in die strafregsplegingstelsel. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou